

# VOETSLAANKLUB

## STELLENBOSCH

### NUUSBRIEF | JULIE 2016 [ 'n verkorte weergawe ]

---

#### 1. ALGEMEEN

##### 1.1 Voetslaanklub webwerf

www.stb-voetslaan.co.za

##### 1.2 Bestuur 2015/2016

Voorsitter	Kosie Smit	021 887 2093	073 537	jhs@sun.ac.za
Ondervoorsitter	Werner Mödinger	021 886 5694	076 416	modinger@telkomsa.net
Sekretaresse	Annerè van Pletsen	021 888 9276	072 245	annere@cpcqualicare.co.za
Tesourier	Klaus von Pressentin	021 887 2783	082 689	klausvp@telkomsa.net
Addisionele lid	Helene Strasheim	021 886 4035	073 196	Helene.strasheim@gmail.com
Webwerf	Cynthia Slattery	021 882 9442	072 246	slathome@sun.ac.za

##### 1.3 Uitstappies: Gee kennis van voorneme om saam te stap

Elke persoon wat van voorneme is om saam te stap, moet asseblief die stapleier op die laaste die Donderdag- of Vrydagaand vóór die stap daarvan in kennis stel.

##### 1.4 Betalings

- **As gevolg van hoë bankkoste, maak waar moontlik eerder van internetbetalings gebruik.**
- Betaling van ledegeld en besprekings vir naweek- en permitstappe moet direk in die klubrekening (Nedbank Spaarrekening, Takkode 107110, Rekeningnommer 2005402354) gedoen word. **Stuur asseblief 'n bewys van betaling aan die tesourier met duidelike aanwysings van jou naam en waarvoor die inbetaling gedoen is.**
- Kontant kan gebruik word om stapleiers of die tesourier vir dagstappe te betaal.
- Probeer die korrekte bedrae vir petrol- en permitgelde op dagstappe saambring.
- Lede kry voorkeur bo besoekers vir naweek- en langer stappe, maar ná die sluiting van die datum vir betaling geld die voorkeur nie meer nie. **Plekke kan dus nie vir 'n stap gereserveer word vir lede wat nie betaal het voor of op die sperdatum nie.**

##### 1.5 Ledegeld

Ledegeld vir 2016 is R130 per persoon vir die jaar.

##### 1.6 Saamryfooi

Die saamryfooi is **R1 per persoon per km**. Bestuurders van motors tydens naweek- en vyfdag-stappe kan by berekening van kostes 'n aanpassing van hierdie fooi oorweeg.

##### 1.7 Nuwe lede

Báie welkom aan die vlg. persone wat by die klub aangesluit het: **Wolf Wolfswinkel, Karen Muller, Mina Redelinghuys, Josephine Musango en Ronel Smit** – mag jul die prágtige omgewing en natuur saam met ons geniet en wónderlike vriendskappe smee. [Belangstellendes moet 3 stappe saam met die klub stap (dit is om hulself te vergewis van die groep en of húl gemaklik voel met die geselskap, uitstappies, ens.) - daarná kan hulle aansoek doen om aan te sluit.]

### 1.8 Die volgende Bestuursvergadering

- Gee kennis aan een van die bestuurslede as jy 'n saak op die agenda geplaas wil hê.

### 1.9 Noodnommers (Bergredding)

- WSAR (Wildernis Search & Rescue): 021 937 0300
  - Metro Ambulance: 10177
  - Cape Nature: 021 483 0190
- Kontak bestuurder van reservaat waar stap plaasvind vir spesifieke noodnommer.

## 2. INLIGTING TEN OPSIGTE VAN AL DIE DAGUITSTAPPIES

### Vertrekpunt

By die parkeerarea voor die JS Maraisgebou, Victoriastraat, Stellenbosch; regoor die Konservatorium.

### Aanmeldtyd

Sien program asseblief.

### Klere

Maak voorsiening vir ALLE weersomstandighede. Neem ALTYD warm klere (trui of baadjie), saam. In die winter is dit raadsaam om altyd 'n reënbaadjie in te pak.

### Noodhulp

Elkeen bring sy/haar eie noodhulpbenodigdhede. Die stapleier is nie verantwoordelik om pille, salf, pleisters, ens te verskaf nie. **NB:** Onthou veral medikasie teen allergieë (bv bysteek, hooikoors ens). Die telefoonnommer van 'n naasbestaande (wat nie die stap meemaak nie en wat bereikbaar is) moet ook aan die stapleier van die dag verskaf word.

### Kos ens

Elkeen voorsien sy eie eetgoed en drinkgoed vir teetyd en middagete, asook voldoende drinkwater (minimum 2 liter).

### Donasie

Besoekers: R30

### Vervoer

Vervoer kan moontlik onderling gereël word. Vir elke stap word 'n bedrag voorgestel wat passasiers kan bydra tot die brandstofkoste (sien program).

Indien ander reëlings getref word, sal dit onder die spesifieke stap genoem word.

### Gradering van die moeilikheidsgraad van stappe

1	Maklike stap	A	Geen blootstelling aan hoogtes
2	Matig maar vermoeiend	B	Soms klouter op rotse, maar nie moeiliker as om 'n kort leer te klim nie
3	Veeleisende oefening	C	Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie
4	Net vir die fikses	D	Baie blootgestel aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie

Bogenoemde kan in kombinasie die moeilikheidsgraad van 'n stap aandui, bv 2A, 3B of 2D.

### Permitstappe

Wanneer 'n permitstap gedoen word, beteken dit gewoonlik dat net 'n beperkte aantal persone mag stap. Daarom is dit noodsaaklik dat jy ten minste 'n week vooraf met die aangeduide stapleier moet skakel om seker te maak dat daar vir jou plek is op die stap (tensy 'n vroeër datum op die program verskyn).

**Wanneer 'n persoon plek op 'n permit- of naweekstap bespreek, is hy/sy verantwoordelik vir die koste daarvan, tensy hy/sy iemand anders in sy/haar plek kry. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die kostes bly dus by die staplid.**

## 2.1 Gedragskode vir stappers

### Dag-, naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van 'n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie 'n roete sal kan voltooi nie.**
- Die stapleier moet te alle tye gehoorsaam word. Die stapleier stap voor en al die lede agter hom/haar.
- By elke stap sal 'n addisionele stapleier aangewys word wat agter stap.
- Met die oog op die stapgroep se veiligheid mag die stapleier enige tyd 'n persoon se toerusting nagaan. 'n Persoon kan weggewys word indien daar twyfel bestaan of die persoon die groep sal verontrief of in gevaar stel.
- In swak weer, soos mis en reën, moet elke stapper heeltyd bewus wees waar die persoon voor en agter hom/haar stap.
- Moenie rommel strooi nie. Neem 'n plastieksakke saam om gebruikte snesies in te sit.
- Beskerm en bewaar die natuurlike prag van ons berge deur nie die omgewing te bemors nie. Bly op die voetpaaie en moenie kortpaaie neem nie. Onder geen omstandighede mag plante, bolle ens uit bewaringsgebiede verwyder word nie. Neem net foto's en laat net voetspore.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die betrokke instansies voordat gebiede met beperkte toegang binnegegaan word.
- Wanneer die wandelpad om spesifieke redes verlaat moet word, laat 'n rugsak langs die voetpad sodat dit vir ander sigbaar is.
- Bly in verbinding met die groep; moenie afdwaal nie.
- Tree altyd bedagsaam teenoor mede-stappers op.
- Voetslaan is 'n voorreg: Moet dit nie misbruik nie.

## 2.2 Addisionele regulasies ten opsigte van naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van 'n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie 'n roete sal kan voltooi nie.**
- Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.
- Stapleiers kan stapsakke voor 'n stap weeg en 'n stapper vra om die sak ligter te maak indien nodig. Hou die sak so lig moontlik. Volgens Olivier (2003:24) moet 'n volgelaide sak nooit meer as 'n derde van liggaamsgewig weeg nie. Die ideale gewig is 20% van vroue se liggaamsgewig en 25% van mans se liggaamsgewig.
- Indien die groep groot is, kan dit met die stapleier se goedkeuring in twee opgedeel word. Die stapleier moet dan vir elke groep 'n voor- en agterstapper aandui. Gedurende teetye en middagetes moet die twee groepe bymekaarkom om seker te maak dat niemand afdwaal het nie.

### 3. BELANGRIKE KENNISGEWING IVM WILD CARDS

- Daar is heelwat stappe waar die stap en/of bewaringsfooi gespaar kan word indien 'n lid oor 'n Wild Card beskik. Doen sommer vandag aansoek vir jou kaart: [www.sanparks.org/wild/](http://www.sanparks.org/wild/)
- **BAIE BELANGRIK: Dit is die verantwoordelikheid van elke klublid om te sorg dat hul Wild Card geldig is VOORDAT hulle vir 'n stap bespreek waarvoor Wild Card-nommers benodig word. Indien 'n persoon se Wild Card nie opbetaal is nie, het die stapleier nie 'n ander keuse as om die volle fooi van die klublid te verhaal nie.**

### 4. JAAREINDFUNKSIE: SATERDAG 26 NOVEMBER 2016

'n Afsonderlike kennisgewing sal aan lede versprei word sodra die finale reëlings getref is.

### 5. NAWEEK- EN LANGER STAPPE

STAP	<b>OORLOGSKLOOF EN ANDER ROETES, NIEUWOUDVILLE</b>
DATUM	<b>2-6 Julie 2016</b>
REËLINGS	<b>Linda du Toit</b> 072 107 0213 ná 18:00 / <a href="mailto:lindadt@mweb.co.za">lindadt@mweb.co.za</a>
AANTAL	<b>Bespreeking is vir 8 persone gedoen en is ongelukkig reeds volbespreek (soos per vroeër kennisgewing).</b>

STAP	<b>GOUKAMMA NATUURRESERVAAT (TUSSEN SEDGEFIELD EN KNYSNA)</b>
DATUM	<b>6-9 Augustus 2016</b>
REËLINGS	<b>Linda du Toit</b> 072 107 0213 ná 18:00 / <a href="mailto:lindadt@mweb.co.za">lindadt@mweb.co.za</a>
AANTAL	12 persone (daar is nog een plek beskikbaar)
STAP- EN OORNAGKOSTE	R445 pp vir die 3 nagte
RYAFSTAND	425 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	Onderhandelbaar
STAPAFSTAND	Wissel van 6.5 km tot 15 km (sirkelroetes)
GRADERING	2A
	'n Lekker winterwegbreek. Ons vertrek vroeg die Saterdagoggend. Die Goukamma Natuurreservaat is op die Tuinroete tussen Sedgfield en Knysna geleë. Lake Pleasant Chalets grens aan die reservaat en het 'n spesiale aanbieding vir die winter. Die chalets is volledig toegerus; beddegoed, handdoeke ens – neem net eie seep en sjampoe saam. In die reservaat is daar ses roetes wat gestap kan word. Dit sluit in 'n 8 km sirkelroete, die 12 km strand Galjoenroete, die 15 km Blombosroete en die 4.2 km Buffelsbaairoete. Ons kan ook langs die see piekniek hou, swem in die rivier – indien dit nie te koud is nie – voëls kyk of kanoes huur en op die rivier gaan roei. Indien ons nog verder wil verken is daar ook 'n heerlike roete in die Robberg reservaat naby Plettenbergbaai.

STAP	<b>POSTBERG TWO-DAY HIKING TRAIL, WEST COAST NATIONAL PARK</b> BLOMME-KYK NAWEEK
DATUM	<b>13-14 August 2016</b>
REËLINGS	<b>Cynthia Slattery</b> 021 882 9442 / 072 246 1902 / slathome@sun.ac.za
AANTAL	8
STAP- EN OORNAGKOSTE	R122 & R64 (this is a backpack hike - bring all your own equipment and food)
RYAFSTAND	150 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R300
STAPAFSTAND	Day 1: 15.5 km, Day 2: 11.8km

STAP	<b>Tsitsikamma Staproete (6 dae)</b>
DATUM	<b>10-15 Desember 2016</b>
REËLINGS	<b>Linda du Toit</b> 072 107 0213 ná 18:00 / lindadt@mweb.co.za
AANTAL	18 persone (volbespreek)
RYAFSTAND	500 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	onderhandelbaar
<p>The Tsitsikamma Hiking trail is situated in the mountains of the coastal region of the Eastern Cape and is a 6-day linear trail, starting at Natures Valley and ending at the Storms River Bridge or village. The trail passes through extensive patches of indigenous mountain forest and fynbos. The mountains form the watershed for a myriad of streams and rivers, many of which are the source of the rivers that gush into the sea along the popular Otter Trail. The Tsitsikamma Trail is truly a southern Cape hiking paradise, journeying through extensive indigenous afro-montane forest and mountain fynbos. Ancient river gorges and abundant rivers and streams continually remind us of the creative power of water and the origins of the word Tsitsikamma.</p>	

## 6. DAGSTAPPE

STAP	<b>Indië Vensterroete, Tafelberg</b>
DATUM	<b>Saterdag 9 Julie 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Alet Louw</b> 021 461 1649 / 073 689 5752 / alettamail@gmail.com
TOEGANGSGELD	R110
RYAFSTAND	55 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R130
STAPAFSTAND	± 7 km
GRADERING	3D
AANMELDTYD	07:30
VERTREKTYD	07:45

STAP	<b>MIASPOORT, DU TOITSKLOOF</b>
DATUM	<b>Saterdag 16 Julie 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Elva van Wyk</b> 021 886 4558 (saans) / 082 721 5419 / <a href="mailto:evw@sun.ac.za">evw@sun.ac.za</a>
TOEGANGSGELD	<b>'n permitstap vir 12 persone. Bespreek asseblief by Elva vóór 8 Julie</b>
RYAFSTAND	40 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R80
STAPAFSTAND	10 km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	7:30
VERTREKTYD	07:45

STAP	<b>VICTORIAPIEK, JONKERSHOEK</b>
DATUM	<b>Saterdag 23 Julie 2016</b>
STAPLEIER	<b>Louise van der Merwe</b> 021 880 1875 (saans) / sms na 082 492 4293
TOEGANGSGELD	R40 / Wild Card
RYAFSTAND	15 k m x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R30
STAPAFSTAND	+/- 23 km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
LET WEL	<i>Hierdie is 'n 'tawwe' stap en stappers moet 'bergfiks' wees.</i>

STAP	<b>PEARL VALLEY, WEMMERSHOEK (FRANSCHOEK)</b>
DATUM	<b>Saterdag 30 Julie 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Willie Huggett</b> 021 876 2490 / 083 453 9191 / <a href="mailto:huggett@netactive.co.za">huggett@netactive.co.za</a>
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	30 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R60
STAPAFSTAND	10 km
GRADERING	2A
AANMELDTYD	07:30
VERTREKTYD	07:45

STAP	<b>SILWERMYN: TUINKOP EN KALKBAAIPIEK</b>
DATUM	<b>Saterdag 13 Augustus 2015</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Jaap van Wyk</b> 021 887 5335 / 084 240 5918 / jfvw70@gmail.com
RYAFSTAND	55 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R110
STAPAFSTAND	± 10 km
GRADERING	2 B
AANMELDTYD	07:15
VERTREKTYD	07:30

STAP	<b>MOSELBERG, HERMANUS</b>
DATUM	<b>Saterdag 20 Augustus 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Hans Knoetze</b> 028 316 3906 / 082 554 1254 / hk1@remgro.com
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	95 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R190
STAPAFSTAND	± 12 km
GRADERING	2B
AANMELDTYD	6:30
VERTREKTYD	6:45

STAP	<b>ROOIKATROETE IN VROLIJKHEID NATUURRESERVAAT NABY MCGREGOR</b>
DATUM	<b>Saterdag 27 Augustus 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Klaus von Pressentin</b> 021 887 2783 / 082 689 8102 / klausvp51@gmail.com
TOEGANGSGELD	R40 or wild card
RYAFSTAND	150 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R300
STAPAFSTAND	± 18 km
GRADERING	2B-3B
AANMELDTYD	06:00
VERTREKTYD	06:15

STAP	<b>DIE PLAAT: KELDERS NA HERMANUS</b>
DATUM	<b>Saterdag 3 September 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Linda du Toit</b> 072 107 0213 ná 18:00 / lindadt@mweb.co.za
TOEGANGSGELD	geen
RYAFSTAND	132 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R260
STAPAFSTAND	+/- 15 km
GRADERING	2A
AANMELDTYD	06:45
VERTREKTYD	07:00

STAP	<b>POSTBERG, WEST COAST NATIONAL PARK, ONE-DAY STEENBOK TRAIL</b> BLOMME TYD
DATUM	<b>Saterdag 10 September 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Cynthia Slattery</b> 021 882 9442 / 072 246 1902 / slathome@sun.ac.za
TOEGANGSGELD	R71 for hike / R64 or Wildcard for entrance to park
RYAFSTAND	150 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R300
STAPAFSTAND	15 km
GRADERING	2B
AANMELDTYD	06:15
VERTREKTYD	06:30

STAP	<b>MONT ROCHELLE NA DU TOITSKOP (FRANSCHHOEK OMGEWING)</b>
DATUM	<b>Saterdag 17 September 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Willie Huggett</b> 021 876 2490 / 083 453 9191 / huggett@netactive.co.za
TOEGANGSGELD	R20
RYAFSTAND	34 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R68
STAPAFSTAND	± 10 km
GRADERING	2B
AANMELDTYD	07:30
VERTREKTYD	07:45



STAP	<b>PANORAMA VIA WITBRUG</b>
DATUM	<b>Saterdag 24 September 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Klaus von Pressentin</b> 021 887 2783 / 082 689 8102 / klausvp51@gmail.com
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	10 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R20
STAPAFSTAND	± 23 km
GRADERING	4B
AANMELDTYD	06:45
VERTREKTYD	07:00
LET WEL	<i>Dit is 'n stap wat redelike fiksheid vereis.</i>

STAP	<b>RHODES MEMORIAL TO KIRSTENBOSCH</b>
DATUM	<b>Saterdag 1 Oktober 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Cynthia Slattery</b> 021 882 9442 / 072 246 1902 / slathome@sun.ac.za
TOEGANGSGELD	None
RYAFSTAND	60 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R120
STAPAFSTAND	± 6 km [3-4 hours]
GRADERING	2B
AANMELDTYD	07:30
VERTREKTYD	07:45

STAP	<b>SUIKERBOSSIE, HOUTBAAI</b>
DATUM	<b>Saterdag 8 Oktober 2015</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Louise van der Merwe</b> 021 880 1875 (saans) / sms na 082 492 4293
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	65 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R130
STAPAFSTAND	± 12 km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:30
VERTREKTYD	07:45

STAP	<b>ROOIHEUWEL-NOORD, BOTRIVIER</b>
DATUM	<b>Saterdag 15 Oktober 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Elva van Wyk</b> 021 886 4558 (saans) / 082 721 5419 / <a href="mailto:evw@sun.ac.za">evw@sun.ac.za</a>
TOEGANGSGELD	+/- R20
RYAFSTAND	75 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R150
STAPAFSTAND	± 13 km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:15
VERTREKTYD	07:30

STAP	<b>SKELETON GORGE FROM KIRSTENBOSCH AND BACK</b>
DATUM	<b>Saterdag 22 October 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Cynthia Slattery</b> 021 882 9442 / 072 246 1902 / <a href="mailto:slathome@sun.ac.za">slathome@sun.ac.za</a>
TOEGANGSGELD	R60 entry to Kirstenbosch
RYAFSTAND	60 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R120
STAPAFSTAND	± 10 km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
LET WEL	<i>This is a steep climb from Kirstenbosch to the top of the mountain. You need to be fit to be able to climb up for two hours.</i>

STAP	<b>ASSEGAAIBOS NA BERGRIVIERNEK, FRANSCHHOEK</b>
DATUM	<b>Saterdag 29 Oktober 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Willie Huggett</b> 021 876 2490 / 083 453 9191 / <a href="mailto:huggett@netactive.co.za">huggett@netactive.co.za</a>
TOEGANGSGELD	R20
RYAFSTAND	35 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R70
STAPAFSTAND	± 15 km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:15
VERTREKTYD	07:30

STAP	<b>CONSTANTIA CORNER, TAFELBERG</b>
DATUM	<b>Saterdag 5 November 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Alet Louw</b> 021 461 1649 / 073 689 5752 / alettamail@gmail.com
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	55 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R110
STAPAFSTAND	± 13 km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15

STAP	<b>KLIPSPRINGERROETE, JONKERSHOEK</b>
DATUM	<b>Saterdag 12 November 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Jaap van Wyk</b> 021 887 5335 / 084 240 5918 / jfvw70@gmail.com
TOEGANGSGELD	R40 or wild card
RYAFSTAND	15 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R30
STAPAFSTAND	± 10 km
GRADERING	3D
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15

STAP	<b>VOGELGAT, HERMANUS</b>
DATUM	<b>Saterdag 19 November 2016</b>
BESPREEK BY STAPLEIER	<b>Henk Groenewald</b> 021 887 4441 / 078 9413253 / aldigroenewald@absamail.co.za
TOEGANGSGELD	Geen. 'n permitstap vir slégs 9 persone. <b>Bespreek vroegtydig</b>
RYAFSTAND	105 km x 2
BYDRAE TOT BRANDSTOFKOSTE	R210
STAPAFSTAND	± 15 km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	06:30 [vroeer]
VERTREKTYD	06:45

**JAAREINDFUNKSIE**  
**Saterdag 26 November 2016**  
Meer besonderhede sal later bekend gemaak word. Hou intussen asb. die dag oop.